# Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 6

> *Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. (vers 10, 2020-vertaling)*

Dis merkwaardig hoe dikwels die Bybel waarsku oor die najaag van rykdom. Jesus het al gesê ons kan nie God én Mammon (dws geld of besittings) dien nie. Nie dat rykdom op sigself verkeerd is nie. Ons lees in die Bybel van talle ryk gelowiges. Dis net dat dit sterk bene verg om rykdom te dra. Daarom Paulus se waarskuwing. Dié wat wil ryk word, val in versoekinig (vers 9). Die gevaar van hooghartigheid is wesenlik; so ook die wegskuif van jou vertroue op God na jou vertroue op jou eie skatte (vers17).
Daar is mense wat uit godsdiens geld maak (vers 5); vandag steeds – kerkleiers en tele-evangeliste wat nie skroom om hulle mense te melk vir meer nie, sodat hulle in weelde kan leef van die bydraes wat vir die saak van die Here bedoel is.
Paulus pleit vir 'n lewe van vergenoegdheid (vers 8), van tevrede wees met wat jy het (vers 6). Sy raad aan Timoteus is om weg te vlug van 'n sieklike sug na rykdom en eerder te streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid (vers 11). Dít is die hemelse skatte wat ons bymekaar moet maak (Matt 6:19-21).

*Naskrif*: Môre begin ons met die boek Klaagliedere.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026